'n Feestelike atmosfeer op die Swartlandskou, Moorreesburg. Soos van ouds word hier nog spanne van agt perde voor 'n wa vertoon. Hier is 'n span SA Vlaamperde met Patat Basson van Malmesbury en Piet Serdyn van Moorreesburg op die wakis

Perdeskoue lok toeriste

deur **Hennie Basson**

Rondom 'n eeu tot 'n halfeeu gelede het die asemrowende vertonings van muil- en perdespanne op tradisionele skoue 'n groot rol vervul ter vestiging en uitbouing van hierdie gebeurtenisse in die Wes-Kaap. Vir dekades lank was dit die jaarlikse hoogtepunt vir baie van die inwoners van en besoekers aan die meeste dorpe in die Boland.

Ook die Kaapse Skou van weleer het sy sukses grootliks aan hierdie skouspel van agt muile of perde voor 'n wa te danke gehad. Talle besoekers het selfs vanuit die buiteland spesiaal na Rosebank en later na Goodwood gekom om dit by te woon.

Hier het tussen tien en vyftien indrukwekkende spanne al wat leef en beef om die arena in vervoering gehad met hul Kaapse draaie wat die stofbanke selfs op die groen skoubaan hemelhoog die lug laat inklief het.

Hoewel hierdie asemrowende vertonings nou so te sê nog net kultuur-historiese betekenis het, speel die perd steeds 'n belangrike rol ter handhawing van die skoue wat wel veranderende tye oorleef het. Dit is dwarsdeur die land die geval met aanbiedings wat wissel vanaf perdespring tot tradisionele items waarin perde en hul hoedanighede beoordeel word – aan die hand, in die tuig of as ryperde.

"'n Skou sonder 'n perd is tog nie 'n skou in die ware sin van die woord nie," is 'n geykte uitdrukking by skou-entoesiaste wat waardering het vir die nut van hierdie diere wat lewe gee aan dié geleenthede. Hulle sê uitstallings kry die stedeling en dorpenaar immers deesdae om elke hoek en draai en vermaak is ook deel van al wat kunste- en dorpsfees is. Daarom is die perd se kwaliteite en prag wat op die skoubaan tot uiting kom, so 'n kosbaarheid vir skoue.

Hoewel baie van die kleiner – en groter

Vir 'n dorp soos Beaufort-Wes is die jaarlikse nasionale Hackneykampioenskappe wat daar gehou word, van onskatbare waarde. Nie net word perde-entoesiaste vanuit alle dele van die land daarheen gelok nie, maar weens die gehalte van die aanbieding daarvan, nou selfs ook oorsese besoekers.

Hier is 'n aantal trekperdmense van oraloor by so 'n geleentheid besig om gesellig saam te verkeer
– Foto: Jan-Tertius Genade

– skoue lankal hul hekke vir goed moes sluit, is skouperde op so te sê alle skoue in elk van die provinsies steeds 'n buitengewone katalisator om toeskouers in groot getalle deur die hekke te kry. Of dit nou op 'n snikhete Februarie-dag op die kleine Heidelberg in die Suid-Kaap is, of in die vroeë lente in Pretoria waar honderde perde en hul eienaars, vertoners en bewonderaars jaarliks saamtrek – die perd bly selfs in hierdie hoogs gemeganiseerde, moderne tye steeds die spil waarom so 'n geleentheid draai.

Wat sal die Bloemskou tog sonder sy internasionaal erkende SA Saalperdkampioenskappe wees, en die verdere kleur wat Arabiere en Walliese Ponies daaraan verleen? Of neem die SA Vlaamperde, Hackneys en Saalperde van die Swartlandskou op Moorreesburg weg ... en 'n grafstilte (met honderde minder toeskouers) sal oor die terrein toesak.

Vir Bloemfontein is dié perdetradisie lankal reeds 'n hoogtepunt op die jaarlikse kalender van feestelikhede en Moorreesburg en sy mense kan nou vir baie jare al roem daarop dat hy oor die grootste trekperdskou in die land beskik. Dus, reklamewaarde soos min wat besoekers uit alle dele van die land na hierdie twee sentra laat stroom.

Hoewel Moorreesburg 'n kleinerige dorpie is, word tot 12 000 mense jaarliks na sy skou gelok. "En 'n baie groot persentasie daarvan woon dit spesifiek by om na die perde te kom kyk", sê Ian Koch, bestuurder van die Swartland Skou. "Hoewel dit ook die grootste veeskou in die Wes-Kaap is en miljoene rande se plaaswerktuie hier uitgestal word, sal dit net nie dieselfde sonder die perde wees nie."

Tot 350 perde kan hier geakkommodeer word en verblyf oor die skoutydperk is byna onverkrygbaar vir diegene wat nie lank voor die tyd besprekings doen nie. Baie mense moet reeds uitwyk na naburige dorpe soos Riebeek-Wes en Riebeek-Kasteel en Piketberg om te kan oornag. Dus is dit van ekonomiese betekenis vir 'n groter gebied in die Swartland as net vir die betrokke dorp self.

Hoeveel geld besoekers op die skouterrein en op hierdie en op naburige dorpe tydens die skou bestee, is uiteraard moeilik berekenbaar. Dit moet egter 'n aardige bedrag wees.

Wanneer daar kunstefees gehou word, word 'n daaglikse besteding van ongeveer R250 per persoon as 'n aanvaarbare norm beskou. Perdeskoue is wel nie kunstefeeste nie, maar die per kapita inkomste vir die betrokke besighede en vir skoue soos hierdie kan geensins geringgeskat word nie.

Wanneer 'n skou eers vir sy perdevertonings bekend geword het en dit dan deur swak weersomstandighede of ander negatiewe gebeurtenisse getref word, het dit beslis 'n neerdrukkende effek op die hekinkomste, asook in die gemoedstoestand van die besoekers.

Toe die Boland begin verlede jaar deur perdesiekte getref is, het veral die skou op Worcester daardeur onberekenbare skade gely. Hierdie is 'n skou wat tradisioneel vir sy perde bekend is en toe daar, weens die siekte by die perde, geen van hierdie diere hier toegelaat is nie,

Hoofcare made easy

Suppliers of all equipment needed to treat or prevent hoof problems.

Preparing the hoof for treatment:

- Hoof rasps
- Hoof knives
- Hoof knive sharpeners
- Hoof cutters

Preventing or treating hoof problems with:

Equi-Thane Superfast™
Create custom shoes, foal extensions and hoof repairs in minutes

Equi-Thane Adhere™
Glue-on-shoe hoof repair to bond aluminium or steel shoes

Equi-Pak™
Instant pad material (soft) – durable shock absorbent, cushioned support for sore or sensitive soles

Equi-Build™ Firm Pad Material
Promotes significant wall, sole, frog and heel growth by creating a shared load with the hoofwall

Treating wounds:

Power-Flex cohesive bandages
– won't shrink when wet.

Steri-Protect poultice dressing
– soft, high absorbency dressing for all kinds of cuts, wounds and hoof conditions.

INSTAVET

For more information contact Yolanda
Tel 011 462 4215 | Fax 011 462 4006
E-mail info@instavet.co.za | Web www.instavet.co.za

het heelwat mense selfs besluit om hierdie keer tuis te bly en nie die skou te ondersteun nie.

Kenners van die land se toerisme-opset kan uiteraard nie genoeg klem lê op die waarde van dorps- en kunstefeeste, asook tradisionele skoue, vir plaaslike gemeenskappe en die streke waarin dit aangebied word nie.

Die rol wat sodanige geleenthede speel om toerisme in 'n dorp en streek te stimuleer, kan beslis nie geringgeskat word nie. Deur goeie beplanning en organisering en samewerking deur individue in plaaslike gemeenskappe, stimuleer dit inderdaad toerisme in die omgewing.

Dat plaaslike gemeenskap boonop 'n waardevolle bron van inligting en ondersteuning vir sodanige geleenthede is, is 'n feit.

'n Skou is ook 'n langtermynbelegging vir die dorp en sy gemeenskap. Wanneer besoekers 'n dag of wat by 'n skou geniet, is hul immers geneë om in die toekoms weer na dié dorp terug te keer om ook sy ander besienswaardighede en gasvryheid te waardeer. **SAH**

LION BRIDGE
Agricultural and Veterinary Services (Pty) LTD

GETROU AAN ONS TRADISIE VAN 97 JAAR,
STAAN ONS VAS IN DIENS VAN DIE BOER.
DIT SAL VIR ONS 'N VOORREG WEES OM U
OP ONS PERSEEL TE VERWELKOM.

• Kompeterende pryse
• Vriendelike diens
• Kundige advies
• Landswye aflewering
normaalweg binne 48 uur.

Alle bekende handelsname in dieregesondheid
is by ons beskikbaar.

Vir kundige advies kontak Joe Matthysen
of Piet van der Merwe.

Tel 012 322 7102
E-pos lionbridge@icon.co.za
Faks 012 322 6663

HPF

HI PERFORMANCE
FEEDS
Where quality counts

THE BEST BY FAR

Manufactures of balanced
animal feeds for the progressive farmer

We service the following areas:

Gauteng
Mpumalanga
Northern Free State
North West

Tel 016 366 1398
Fax 016 362 0198

Visit our factory and store on
the Heidelberg Road